



FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: nuusbrief@framesby.co.za

Uitgawe 41: 1 APRIL 2015

DIE PASSIE VAN CHRISTUS

"Hier lê So-en-So, hy het met PASSIE geleef". Dit was seker die beste grafskryf wat die antieke Grieke voor kon leef - dat hul volksgenote dit beleef het dat hulle die lewe voluit geleef het!

Vandag is ons baie geneig om die woord passie sinoniem te beskou met karaktertrekke soos toewyding en entoesiasme, en aanvaar maklik dat 'n mate hiervan ons sal onderskei as mense met passie. Wat egter in die meeste gevalle waar is, is dat ons passie onderworpe is aan bepalings en voorwaardes ("terms and conditions"). Dikwels vervaag ons passie vir 'n saak wanneer ons onvergenoegd begin voel, en ons eie belange nie meer gedien word nie. In sulke gevalle ruil ons maklik ons passie vir een saak met 'n nuutgevonde passie vir 'n ander. Hoe oppervlakkig is ons tog nie!

Ons herdenk eerskomende Vrydag die GROOTSE voorbeeld van wat PASSIE werklik is. Met Sy kruisdood het Christus sy passie vir ONS, te midde van die mees onmenslike en wrede lyding en vernedering, op die tasbaarste wyse denkbaar bewys. Sonder Sy onvoorwaardelike PASSIE vir die redding van 'n verlore mensdom sou Hy dit nie kon deurstaan nie. Die film "The Passion of the Christ" was seker die mees ontstellende uitbeelding van wat Hy werklik moes deurmaak, en dit vir ONS redding. Mag ons in hierdie Paastyd weer gaan besin oor wat Jesus vir ons opgeoffer het. Met hoeveel deernis Hy alles op Hom geneem het, sodat ons met 'n ewige hoop kan lewe. Mag ons uit dankbaarheid skaam kry oor ons gebrek aan passie vir hierdie kosbare lewe wat aan ons geskenk is, en mag ons nooit weer die word *passie* selfsugtig annekseer om 'n oppervlakkige emosionele opwelling te beskryf nie!

Respek

'n **Respekvolle Persoon:**

- Erken individuele verskille
- Luister met aandag
- Het agting vir ander
- Los konflik sonder geweld op
- Het goeie maniere
- Respekteer ander se regte

Character Transformation

Respek

© pos. tools@charactertransformation.co.za / www.charactertransformation.co.za

Foto-bestellings

Bestellings vir die foto's wat verlede jaar geneem is tydens die laaste foto-dag, kan na die vakansie by Mnr. van der Walt geplaas word.

Hermerk-uitslae

Die uitslae van al die 2014-Graad 12's wat hul vraestelle laat hermerk het, is by die Algemene Kantoor beskikbaar

Hierdie Uitgawe is die laaste vir hierdie kwartaal. Die volgende uitgawe verskyn op 17 April

Geniet die vakansie!

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag 28/3

Isabel Basson 11B

Chanel Kelsey 11D

Sondag 29/3

Suné Kapp 8F

Maandag 30/3

Cadan Finnis 9A

Michael Whittock 10F

Dinsdag 31/3

Maurice Dutton 9F

Wiehan Smalberger 9B

Woensdag 1/4

Divan de Villiers 9E

Karla Fourie 12C

Danielle Lötter 12E

Kevin Mitchell 8A

Corné Smith 8A

Donderdag 2/4

Ruan du Preez 8A

Nicole Kruger 9C

Grant Liebenberg 11G

Amoré Nel 8E

Vrydag 3/4

Jonathan Carter 9B

Caylee de Vry 12F

Justin Niemand 9F

Kailin Vorster 8G

Kaitlyn Vrey 8C

Die vakansie-verjaardae en dié van die eerste week van volgende kwartaal verskyn in Uitgawe 42 op 17 April

**MAART IS RESPEK-MAAND
FRAMESBY LÊEF RESPEK**

UITSLAE VAN DIE WEEK

NETBAL-EERSTES GOED



Die eerste netbalspan het verlede naweek tydens die Kirkwood-sportfees baie goed gedoen deur al vier hul wedstryde gemaklik te wen. Hulle het eers met Hoërskool Hangklip afgereken (15-7), waarna hulle Hoërskool Kirkwood maklik met 19-6 geklop het. Woodridge College was ook glad nie opgewasse nie en moes die knie buig (20-3). Die dag is afgesluit met 'n oortuigende oorwinning oor Gill College met 17-8.

Die span is: (Agter v.l.n.r.) Marianka Meiring, Carla Viviers, Jessica Serfontein, Danaldo Gericke, Gisela Smit, Saskia Smuts, Anri Strydom, Jessica Vorster en Anchen Bosch. Voor sit mev. Heidi Strauss en Ronel Meiring, en mej. Twané van Huyssteen. Bridget Hart is ongelukkig nie op die foto nie.

NETBAL OOK BLINK BY DESPATCH- EN WESTERING-FEESTE

Tydens die Despatch-sportfees, wat die afgelope naweek plaasgevind het, het ons netbalspanne baie goed gevaar. Die O/14A-span het 2 uit 4 wedstryde gewen, die O/14B's 2 uit 3 en die O/14C-span 1 uit drie. By die O/19-spanne het dit baie goed gegaan. Die O/19c-span het 3 van hul 4 wedstryde gewen, terwyl beide die O/19B-span en eerstespan skoonskip gemaak het deur al hulle wedstryde (6 elk) te wen! Skitterend! Sulke uitslae voorspel net goeie dinge vir die 2015-seisoen!

By die Westering Fees vir O/16's was ons O/16B- en O/16C-spanne in aksie. Die C-span het 4 van hul wedstryde gewen, terwyl die B-span al vyf hul wedstryde gewen het. Baie mooi, meisies!

Ons O/16A-span het reeds die naweek na Potchefstroom vertrek om aan 'n groot netbalkliniek/toernooi deel te neem. Die eerstespan vertrek ook in die week vir 'n soortgelyke kliniek/toernooi. Hierdie geleentheid word by die Noordwes-Universiteit aangebied. Julle moet dit baie geniet, en ons weet dat julle ons naam hoog gaan hou en ongelooflik baie gaan leer!

RUGBY KOU MAAR KLIPPE!

Verlede naweek het ons O/14A-, O/15A-, O/16A-spanne, en die eerstepan, na Porterville in die Wes-Kaap gereis om daar aan die jaarlikse Porterville sportfees deel te neem. Al die spanne het teen die Hoër Jongenskool Paarl (Boishaa) gespeel, en die O/14 en O/15-spanne het elk 'n tweede wedstryd teen die Hoërskool Stellenberg gespeel. Alhoewel geen span kon wen nie, die O/14's het darem gelykop gespeel teen Stellenberg, was die ondervinding van onskatbare waarde. Boishaa is 'n seunskool wat uitstekende rugby speel, en ons seuns het baie goed gekompeteer. Die karakter wat ons spanne gewys het voorspel net goeie dinge vir die seisoen. Daar is egter nog BAIE werk en almal sal hul voete op die grond moet hou en nederig bly.

By die Graeme College-dag het die O/14's en 15's die bordjies verhang en met onderskeidelik Hoërskool Cambridge en Hoërskool PJ Olivier afgereken. Die O/16A-span het ongelukkig teen Cambridge vasgeval.

Die eerstespan het Saterdag hul eerste wedstryd by die PUKKE Skole-skouspel teen Waterkloof van Pretoria gespeel en ongelukkig verloor. Alhoewel ons span vanjaar redelik onervare is, is daar geen genade in die liga waarin ons speel nie. Ons weet darem ook dat Framesby se sportmanne nog altyd geweet het hoe om druk en terugslae te hanteer.

Al ons groepe neem hierdie naweek deel aan baie groot Paas-toernooie. Die O/14's en O/16's neem deel aan die Paarl Gimnasium-toernooi, terwyl die O/15's by Boishaa in die Paarl in aksie sal wees. Die eerstespan speel drie wedstryde, teen Glenwood, EG Jansen en Affies, by die Kearsney Festival. BAIE STERKTE!

ONS LEERDERS PRESTEER

Dansers haal SA-span



Framesby is baie trots op die vyf dansers wat verlede week in Roodepoort aan die Nasionale byeenkoms deelgeneem het, en na afloop van die byeenkoms ingesluit is in die Nasionale groep wat Suid-Afrika gaan verteenwoordig.

Die vyf is Marné Olivier (Gr. 9), Leah Nell, Keitlin Mitchell en Nicole Hills (Gr. 10), asook Carissa Struwig (Gr. 11). Ons het verlede week berig dat hulle daar gaan deelneem, maar ongelukkig Marné nie genoem nie, en vra graag verskoning daarvoor.

Hierdie is geen geringe prestasie nie, veral as in ag geneem word dat moderne dans die laaste klompie jare baie in gewildheid toegeneem het en die kompetisie ongelooflik straf is. Ons hoop om volgende kwartaal meer volledig te berig. Op die foto is Leah, Nicole en Keitlin nadat hulle verlede jaar aangewys is as die gesamentlike weners van die beker vir die Beste prestasie in Uitvoerende Kunste.

DEWALD IN SA-SPAN

Dewald van Niekerk en Anneli Thiel het verlede week die OP verteenwoordig by die nasionale muurbaltoernooi. Voordat hulle daarheen vertrek het, het Dewald die goeie nuus verneem dat hy ingesluit is in die SA Junior Muurbalspan van sewe spelers wat gedurende die vakansie aan die All Africa Junior Championships in Gabarone, Botswana, gaan deelneem. Framesby is ongelooflik trots op jou, Dewald! Baie sterkte!



OP die foto hiernaas verskyn Dewald en Anneli. Ons vertrou hulle het baie goed gevaar by die nasionale byeenkoms en behoort volgende kwartaal volledig te kan berig hieroor, sowel as oor Dewald se deelname in Botswana

HOKKIESPANNE STAAN HUL MAN OP DIE VELD

'n Paar van ons hokkiespanne was die afgelope naweek in aksie by onderskeidelik die Despatch-sportfees en die Westering O/16-sportfees.

By die Despatch-fees was die eerste Dogterspan in vier wedstryde betrokke, waarvan hulle 3 gewen het. Baie mooi, meisies! Hulle vertrek op 1 April na Union High op Graaff-Reinet om tot 4 April aan 'n toernooi daar deel te neem. Baie sterkte, en mag julle die seisoen op 'n hoë noot afskop!

By die Westering-fees het ons O/16 Dogterspan twee wedstryde verloor en een gelykop gespeel, terwyl die Seuns O/16 een wedstryd gewen en twee verloor het. Al het dit nie so goed gegaan soos julle dalk wou hê nie, is die ondervinding wat julle opgedoen het van onskatbare waarde. Sterkte vir die seisoen!

GENIET DIE KORT VAKANSIE!



Vakansie-sportprogram

Hokkie	1ste Dogters	Union High Toernooi	1 – 4 April
Netbal	O/16A-span	PUKKE Toernooi	29 Maart – 1 April
	1ste span	PUKKE Toernooi	7 – 11 April
Rugby	O/14A	Gimnasium Toernooi	1 – 6 April
	O/15A	Boishaaï Toernooi	1 – 6 April
	O/16A	Gimnasium Toernooi	1 – 6 April
	1ste span	Kearsney College Festival	1 – 6 April

Baie sterkte aan al ons spanne wat oor groot afstande sal reis en aan toernooie van hoogstaande gehalte gaan deelneem. Framesby staan nooit terug vir enige uitdaging nie, en ons het geen twyfel dat al ons spanne ons naam gaan hoog hou!

IETSIE VIR DIE SIËL

Meer as fisieke nood

DIE gebed van ouers vir hul kinders is seker die belangrikste wat hulle vir hul kinders kan doen. Veral as die kinders volwasse geword het en in 'n wêreld van hul eie lewe, kan en mag die ouers nie meer te regstreeks in hul lewe ingryp of te beskermend teenoor die kinders optree nie. Dit is deel van die ouerlike wysheid om te weet hoe die kinders vrygelaat moet word om as volwassenes in eie verantwoordelikheid 'n eie lewe te lei. Maar die voorbidding vir die kinders mag nooit prysgegee word nie. Soos ouers hul kinders op die agtergrond begelei met hul belangstelling, moet hulle hulle ook begelei met hul gebede. Daarby is dit van groot belang om te onthou dat daar vir meer as die kinders se fisieke nood en behoeftes gebid moet word. Ons is dikwels so geneig om slegs te bid vir bewaring van ons kinders teen fisieke gevare soos ongelukke, siekte en dood. Ons kan selfs bid dat die Here hulle moet help in hul stryd om finansieel kop bo water te hou. Maar dit gebeur te veel dat ons hul geestelike nood in ons gebede onvermeld laat. Tog is dit die terrein waarop ons gebede juis besonder noodsaaklik is. Ons lewe nou eenmaal in 'n wêreld wat aan alle kante vol versoekings is. Ons kinders beweeg in 'n samelewing waarvan die sedelike norme steeds meer aan erosie onderworpe is. Hulle word elke dag blootgestel aan die invloed van mense wat oënskynlik self geen prys meer stel op deugde soos eerlikheid, seksuele kuisheid, onselfsugtigheid en morele integriteit nie. Met duisend stemme propageer die wêreld om hulle juis die soort vryheid van norme wat op die duur 'n dodelike gebondenheid aan die sonde blyk te wees. En as hulle self nie vir hierdie soort stemme vatbaar was nie, was dit nog 'n ander saak. Maar daaroor het ons geen versekering nie. Ons is almal sondaars, ontvanklik vir prikkels tot die verkeerde en in eie krag ook weerloos teenoor die mag van die kwaad. Ons is almal aan versoekings blootgestel, en dit sou nie versoekings gewees het as dit nie iets in ons aanspreek nie. Die kwaad sal op een of ander manier by ons kinders aanklank vind, en dan sal dit die vraag wees of hulle in staat sal wees om dit af te wys. Daarom, al vertrou ons ook ons kinders en al is ons ook aangaande hulle van die goeie oortuig, mag ons nie ophou om vir hulle te bid dat God hulle teen die mag van die kwaad moet bewaar nie. Ons lees van Job dat hy gereeld vir sy kindes offers gebring het omdat hy gedink het dat hulle miskien op een of ander wyse hul verhouding tot God in gevaar gestel het (Job 1:5). Ook ons moet vir ons kinders intree, al is hulle al lankal volwasse en selfstandig. Laat ons hulle omring met ons gebede vir bewaring van die kwaad, vir vergiffenis en vir herstel van geestelike skade wat reeds gely is.

Uit *Die Burger* 14 Januarie 1989

Dankbaarheid

Jy hoef net om jou rond te kyk om baie redes te sien waarvoor jy dankbaar moet wees.

- Jy sien dalk die armoede raak en voel dat jy té maklik kla oor dit wat jy nie besit nie.
- Jy ervaar die swak dienslewering deur baie sektore en vergeet dat daar plekke bestaan waar daar géén dienste bestaan nie.
- Jy beskou jou lewe as liefdeloos en vergeet van wesies en oumense wat deur die wêreld vergeet is.
- Jy kla oor wat jou skool vir jou bied en is nie bewus dat in die Oos-Kaap alleen daar 395 skole is wat van modder gebou is en dat eenhonderd duisend leerlinge daaglik kilometers ver moet stap om hulle skole by te woon nie.

Dit is mos baie makliker om te kla as om oplossings te kry!

JY MOENIE FOKUS OP WAT JY NIE HET NIE, MAAR EERDER BLY WEES OOR DIE BAIE WAT JY REEDS ONTVANG HET!!

Om 'n dankbare hart te hê, verander jou uitkyk in die lewe. Dit sal jou 'n baie meer blymoedige en gesonder mens laat word. Jou energievлак sal ook toeneem, want jy sal rustiger wees en meer tyd vir jouself vind.

"IT IS GRATEFULNESS WHICH MAKES THE SOUL GREAT" - Rabbi Heschel

Beheerliggaam - 2015

Tydens die eerste Beheerliggaamvergadering vir die 2015 tot 2017-termyn, is die volgende persone as ampsdraers verkies:

Voorsitter:	Mnr. Ernst Pienaar
Onder-voorsitter:	Mnr. Rudi Botha
Tesourier:	Mev. Annelize Smit

Hartlike gelukwense aan hierdie ouers!

Mnr. Wynand Rauch, Adjunkhoof, is ook tot die beheerliggaam gekoöpteer. Die voorsitters van die onderskeie komitees van die beheerliggaam sal volgende kwartaal verkies word.